



# Tegnologiese vernuwing maak mense nie minder belangrik

Die vierde nywerheidsrevolusie is hier en saai in elke bedryf ontwinging. Tegnologie en beter inligtingsvloei maak sake makliker, goedkoper, vinniger en skeep geleenthede. Kenners ontleed wat dié omwenteling vir die mense en werkgeleenthede in die landbousektor gaan inhou.

**A**nders as wat baie mense dink, beteken die vierde nywerheidsrevolusie nie noodwendig dat slegs laaggeskoolde werkers moontlik deur robotte vervang gaan word nie. In ander bedrywe het die nuwe tegnologie reeds sekere take by beroepslui soos dokters, onderwysers en finansiële raadgevers oorgeneem.

“Dié revolusie gaan nie oor die tegnologie nie, maar oor hoe die wêreld sal lyk as mense en tegnologie goed saamwerk om ’n nuwe werkomgewing te skeep,” sê dr. Graeme Codrington, toekomstkundige en kenner van nuwe neigings waar mense werk. Hy was die hoofspreker op Peritum Agri se spitsberaad vir mensehulpbronbestuurders in die landbousektor wat onlangs in Bloemfontein gehou is.

Ons betree ’n tydperk waar die manier waarop ons tegnologie inspan, heeltemal gaan verander, sê Codrington. “Hier kom groot, ontwingende verandering danksy nuwigheede soos kunsmatige intelligensie, robotte, blokkettingtegnologie, genetiese



Dr. Graeme Codrington, toekomstkundige en kenner van nuwe neigings waar mense werk. FOTO: CONRAD BORNMAN

redigering of bestuurderlose voertuie. Maatskappye word as’t ware uitgenooi om die werksomgewing te herbedink.”

Die uitdrukking “vierde nywerheidsrevolusie” is in 2016 deur dr. Klaus Schwab, stigter van die Wêreld- Ekonomiese Forum, geskep en verwys breedweg na grense tussen die fisieke, digitale en biologiese wêreld wat afgebreek word. Verskeie sprekers op die

spitsberaad het daarop gewys dat leiers en organisasies gereed moet wees om vinnige veranderinge te bestuur.

Verandering het nie net ongunstige gevolge nie, dit blaas ook nuwe lewe in die werksomgewing en raak ontslae van uitgediende neigings. Mense bly egter steeds die hoeksteen van enige onderneming wat ons wil bou, het mnr. Aamir Suleman, hoof van verkope en sake-ontwikkeling by die Henley Business School, op die beraad gesê.

## GEEN GROEI SONDER REGTE MENSE

“Jy kan die beste tegnologie en stelsels hê, maar as jy nie die regte mense het nie, gaan groei nie plaasvind nie.”

Vir die landbousektor beteken dit dat hy op dieselfde golflengte moet kom as die soort talent wat hy wil aantrek.

“Landbou moet sy ‘sexy’ terugkry sodat hy talent kan aantrek. Ons as werkgewers moet mense kan oortuig dat dit ’n lewenskragtige sektor is wat ’n betekenisvolle bydrae tot die ontwikkeling van die land lewer.”

Sy raad aan maatskappye is om te besef dat dit wat vandag gewerk het om vaardige

en talentvolle werknemers te lok, nie môre meer dieselfde resultate sal behaal nie.

“Ons is geneig om dieselfde roetine te volg; dis mos maar hoe ons geprogrammeer is. Dié ingesteldheid sal deeglik uitgedaag word in die toekomstige werkplek.”

Werknemers in die landbousektor moet toesien dat groei wat tegnologiese verandering bring, inklusief is, sê me. Jahni de Villiers, hoof van arbeid en ontwikkeling by Agri SA.

“Ons moet almal saam groei na die doelwit. Dit help nie party bly agter nie. Tegnologie is veronderstel om ons lewens te verbeter, nie om werksgeleenthede te vernietig nie.”

Sy het die hoop uitgespreek dat tegnologiese verandering tot ’n vaardiger werksmag sal lei wat op sy beurt ekonomiese groei sal aanwakker.

“Verhoog die vaardighede van jou bestaande werksmag. Deur werkers met relevante vaardighede toe te rus, maak jy jou onderneming veerkragtig teen die risiko’s wat die toekoms inhou.”

Sy glo nie tegnologiese vernuwing van die werksomgewing gaan vergoeding noodwendig verlaag nie.

“Onthou, daar is reeds ’n streng wetlike arbeidsraamwerk en ’n statutêre minimum loon as grondslag. Verwag egter ’n paar jaar se koppestamp tussen die sakesektor, die regering en die vakbonde oor die vasstelling van beleid oor werksgeleenthede wat deur tegnologiese vernuwing bedreig word.”

## NIE SKU VIR VERANDERING

Sy voorspel dat die vierde nywerheidsrevolusie tot heelwat meer buigsamheid in die werkplek sal lei, en dat meer werkers met skaars vaardighede hul vaardighede eerder sal uithou as om in die formele werksmag bedrywig te wees.

Haar raad aan werkgewers is om deurlopend goeie kommunikasie met werkers te handhaaf en bewys te wees van die kwessies wat vir hulle van belang is.

“Suksesvolle ondernemings se werksmag is betrokke en gelukkig in hul werk. As mense gelukkig is, wil hulle nie by vakbonde aansluit nie.”



Op sy beurt het mnr. Francois Strydom (foto links), uitvoerende hoof van Senwes, gesê maatskappye, ook in die landbousektor, moet besef watter waarde hul mense kan skeep, en die gaping toemaak tussen wat werknemers tans bydra en wat hulle op volle potensiaal kan bydra.

“Hoe jy jou werknemers sien en wát jy met hulle doen, lewer ’n spesifieke resultaat. Het dit nie tyd geword dat ons na ons werkers begin kyk vanuit ’n opbrengsperspektief en nie ’n kosteperspektief nie?”

## DIE NUWE UITDAGINGS

Daar is rigtingveranderende neigings in die landbousektor wat nuwe uitdagings aan sy werkers en sy mensehulpbronbestuurders stel, het mnr. Tim Menger, hoof van onderwys en opleiding van die Aeres-groep in Nederland, op die spitsberaad gesê. Hy lig van die belangrikstes uit:

- ’n Groter klem op naspeurbaarheid en etiese boerderypraktyke. Al hoe meer verbruikers vra presies waar en hoe landbouprodukte gekweek word. Daar is nou selfs opleidingsprogramme om naspeurbaarheid in die voedselwaardeketting te bestuur.
- Groeiende nasionalisme en wêreldleiers wat meer aan hul eie belang dink as aan diensbare leierskap. Die enigste manier om dit teen te werk is om internasionale



Me. Jahni de Villiers, hoof van arbeid en ontwikkeling by Agri SA.

Strydom glo dis ’n groot pluspunt vir Suid-Afrikaanse maatskappye dat Suid-Afrikaners nie maklik deur veranderinge van stryk gebring word nie.

“Dis deel van ons DNS en die gevolg van die manier wat die omgewing ons uitdaag. Ander lande het miskien treine wat presies op tyd by die stasie aankom. Ons wêreld die trein kom nie en ons moet ’n plan beraam. Dit gee ons spesiale vermoëns wat perfek is vir die omgewing waar ontwinging die norm geword het.” **LBW**

opleiding en verstandhoudings te versterk sodat mens meer as een standpunt kan insien en oorweeg.

- Biodiversiteit krimp teen ’n ontstellende tempo en voedselsekerheid kom daarmee saam ook in gedrang. Mense besef al hoe meer dat hul verbruik moet verlaag, die landbou klimaatstlim bedryf moet word, en kos nie gemors moet word nie.
- Die gesogste vaardighede vir landbouwerknemers sal probleemoplossingsvaardighede wees, om buite die raamwerk te dink, nuwe uitvindings te bedink en uiters goed te kommunikeer.
- Voorts sal mense moet leer om in ’n span met werknemers van alle ouderdomme saam te werk, namate aftreeouderdom al verder aangeskuif word.

## ALDAM-VEESKOOI

Landbou weekblad 100-1368

16-18 OKTOBER 2019

NAVRAE: Charmaine Alberts 051 821 1783 palberts@telkomsa.net

**Onderwerpe soos:**

- Internasionale ontwikkeling in voerdoeltreffendheidsbestuurstelsels.
- Verhoogde produktiwiteit behulp van Genomika.
- Suid-Afrika se weerpatrone - die volgende seisoen en klimaatverandering gedurende die 21ste eeu.

**INTERNASIONALE SPREKERS**

Prof Gordon Carstens

Dr Stephen Miller

Dr Christien Engelbrecht